

**LAINGSBURG MUNISIPALITEIT**

**GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN**

**2002**

**SAAMGESTEL DEUR**

**TCS - GEORGE**

**TEL : 044 - 8707155**

**SEL : 082 916 8081**

**EPOS - [tcs@xsinet.co.za](mailto:tcs@xsinet.co.za)**

## INHOUDSOPGawe

<b>Agtergrond</b>	1
<b>Hoofstuk 1 : Die Beplanningsproses</b>	3
1.1 Inleiding	3
1.2 Institusionele reëlings	4
1.2.1 Laingsburg Munisipaliteit	4
1.2.2 Sentrale Karoo Distrikmunisipaliteit	5
1.2.3 Inwoners, gemeenskappe, rolspelers	5
1.2.4 Provinsiale Regering	6
1.2.5 Hulpverskaffers en professionele beplanners	7
1.3 Proses oorsig	8
1.3.1 Identifisering van belangegroepe	8
1.3.2 Vestig GOP Forum	8
1.3.3 Prosesuitvoering	9
1.4 Voorgestelde werkplan	10
1.5 Selfontleding van die beplanningsproses	11
<b>Hoofstuk 2 : Die huidige situasie</b>	12
2.1 Studiegebied	12
2.2 Huidige realiteit	12
2.2.1 Huidige bevolking	13
2.2.2 Bevolking volgens rasverdeling	13
2.2.3 Huishoudings	14
2.3 Onderwys	14
2.4 Ekonomies	14
2.4.1 Indiensneming	14
2.4.2 Inkomste	15
2.4.3 Ekonomiese Sektore	15
2.5 Omgewingsanalise	16
2.6 Opsomming: Gemeenskaps- en belangegroepe prioriteitsbehoeftes	16

2.6.1	Ekonomiese ontwikkeling	16
2.6.2	Institutioneel	17
2.6.3	Gesondheid	17
2.6.4	Grond	17
2.6.5	Infrastruktur en basiese dienste	17
2.7	Samevatting van behoeftes	18
2.8	Omgewingsontleding	20
2.9	Analise van voorafgaande data & behoeftes	21
2.9.1	Demografiese eienskappe	21
2.9.2	Sosio-ekonomiese oorsig	22
2.9.3	Ekonomiese oorsig	23
2.10	Prioritiseringeskriteria	24
<b>Hoofstuk 3 : Ontwikkelingsstrategie</b>		<b>25</b>
Visiestelling		25
Missiestelling		25
3.1	Sleutelprestasieareas	26
3.1.1	Basiese dienste en infrastruktur	26
3.1.2	Institutionele ontwikkeling en kapasiteit	26
3.1.3	Ekonomiese Ontwikkeling	26
3.1.4	Omgewing	26
3.1.5	Sosiaal Maatskaplike Ontwikkeling	26
3.1.6	Gesondheid en Veiligheid	27
3.1.7	Vervoer	27
3.1.8	Ruimtelike Ontwikkeling	27
3.1.9	Behuising en grond	27
3.2	Finansiële Strategie van munisipaliteit	27
3.2.1	Basiese begrotingsintegrering	28 - 34
3.3	Projeksamevatting	35-37
3.4	Projekbeskrywings	38 - 68
3.5	Finale opmerking	69

## AGTERGROND

Met die implementering van die nuwe Grondwet van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) het Plaaslike Owerhede nuwe verantwoordelikhede en funksies bygekry d.m.v. nuwe beleide asook die wetgewende omgewing wat verander het. In die Wes-Kaap is beweeg na die konsep van 'n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) ter bevordering van die beginsels van die Nasionale Ontwikkelingsfasiliteringswet (OFW), 1995 (Wet 67 van 1995) en die oogmerke van die grondontwikkelingsdoelwitte ingevolge die OFW.

Ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Beplanning en Ontwikkeling, 1999 (Wet 7 van 1999), word van elke plaaslike owerheid verwag om 'n GOP op te stel. Dit is nou op Nasionale Vlak finaal deur die Wet op Munisipale Regering : Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), bekragtig.

Distriks- en Plaaslike Munisipaliteite is gevoleklik wetlik verplig om in terme van laasgenoemde wetgewing 'n GOP op te stel en goed te keur. Daarsonder kan die volgende jaar se begroting van die Munisipaliteit nie opgestel en goedgekeur word nie. Dit op sig self kan gevolge vir enige Munisipaliteit inhou.

Verskeie ander wetgewing plaas ook die onus op plaaslike regering om verskeie sektorale planne / beleide op te stel. Voorbeeld hiervan in Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerkplanne (ROR) (voorheen struktuurplanne), Munisipale Infrastruktuurplan, Stedelike Vervoerplan, Water Dienste Ontwikkelingsplan, ens. Die GOP integreer egter al bestaande sektorale planne.

Die GOP moet verder 'n geheel vorm met en inpas by die GOP wat deur die betrokke Distrikmunisipaliteit opgestel word.

'n GOP kan beskryf word as :

**'n Deelnemende beplanningsproses waardeur toekomstige ontwikkeling bereik word d.m.v. die integrasie van sektorale strategieë om sodoende die optimale toewysing van skaars hulpbronne moontlik te maak op 'n ordelike, hanteerbare en sinvolle manier ten einde volhoubare ontwikkeling, gelykheid**

**en bemagtiging te bewerkstellig.**

Beplanning geskied dus nou op 'n meer geïntegreerde wyse waar beginsels en sektore nie afsonderlik nie, maar in die geheel byeengebring word. Doelwitte wat dus deur die gemeenskap gestel word, word bereik ten belange van die breër gemeenskap. Totale gemeenskapsdeelname is nou 'n integrale deel van die GOP proses.

## HOOFTUK 1 - DIE BEPLANNINGSPROSES

### 1.1\_ Inleiding

Training and Co-ordinating Services (TCS) is gedurende Mei 2001 deur die Laingsburg Plaaslike Munisipaliteit, met befondsing van die Provinciale Administrasie : Wes-Kaap, aangestel om 'n GOP vir die Laingsburg Munisipaliteit op te stel.

Kortlikks het die GOP - Proses die volgende hoof stappe bevat :

- Aktivering van rolspelers / belangegroepe
- Samestelling en formalisering van deelneming strukture
- Bepaling van sinvolle / haalbare tydsraamwerke
- Uitvoering van stappe in die proses en die monitering van vordering en probleme

Die ontwikkelingsbeplanning proses van die GOP vir die Laingsburg Munisipaliteit behels die volgende fases :

- |        |   |  |
|--------|---|--|
| Fase 1 | : | Analise                                      |
| Fase 2 | : | Strategieë                                   |
| Fase 3 | : | Projekte                                     |
| Fase 4 | : | Integrasie                                   |
| Fase 5 | : | Goedkeuring                                  |
| Fase 6 | : | Implementering en monitering                 |
| Fase 7 | : | Herbesoek en aanpassing soos en waar benodig |

## **1.2 Institusionele reëlings en die toekenning van rolle en verantwoordelikhede**

Die detail rolle en verantwoordelikhede van die onderskeie rolspelers is soos volg :

### **1.2.1 Laingsburg Munisipaliteit (LM)**

- ➔ Opstel, besluitneming en aanneem van Prosedure Plan
- ➔ Verskaf die aksieplan uit Prosedure Plan aan Sentrale Karoo Distrikmunisipaliteit (SKDM) sodat dit gesamentlik in die SKDM Raamwerk opgeneem kan word ten einde die beplanningsproses te stroomlyn.
- ➔ Onderneem die bestuur en koördinering van die beplanningsproses in LM gebied, insluitende die versekering dat :
  - ➔ Alle rolspelers behoorlik deel van die prosesse vorm
  - ➔ Behoorlike mekanismes en procedures vir publieke deelname en raadpleging toegepas word
  - ➔ Beplanningsfases binne die tydsraamwerke plaasvind
  - ➔ Die beplanningsproses gebaseer is op die prioriteitsbehoeftes wat geïdentifiseer is binne die munisipaliteit en dat dit strategies en implementeringsgeoriënteerd is
  - ➔ Sektorale beplanningsvereistes nagekom word
  - ➔ Aanvaar en keur GOP vir LM goed
  - ➔ Pas GOP aan na aanleiding van kommentaar van provinsiale owerheid, indien nodig
  - ➔ Verseker dat jaarlikse besigheidsplanne, begroting en grondgebruikbestuur aan GOP gekoppel is en daarop gebaseer is.

### **1.2.2 Sentrale Karoo Distrikmunisipaliteit (SKDM)**

- ➔ Dieselfde rolle en verantwoordelikhede geld soos hierbo vir plaaslike munisipaliteite genoem
- ➔ Koördineer rolle vir plaaslike munisipaliteite, naamlik :
  - ➔ Verseker horizontale stroomlynning tussen die plaaslike munisipaliteite se GOP's
  - ➔ Verseker vertikale stroomlynning tussen die GOP's van die plaaslike munisipaliteite en die van SKDM
  - ➔ Fasiliteer stroomlynning tussen die GOP's uit die SKDM met die strategieë, programme en beleid van ander owerheidsfere en sektorale departemente
  - ➔ Bied gesamentlike strategiese werkswinkels aan vir plaaslike munisipaliteite, nasionale en provinsiale rolspelers en ander vakspesialiste en korporatiewe diensversaffers.

### **1.2.3 Inwoners, gemeenskappe, rolspelers**

LM skakel met die volgende rolspelers :

- ➔ Belangegroepe wat op plaaslikevlak georganiseer is
- ➔ Gemeenskappe wat direk deur die LM GOP geraak sal / kan word
- ➔ Kundiges wat plaaslik woonagtig is en 'n bydrae kan lewer

Rolspelers verteenwoordig hulle onderskeie belangesfere en dra kennis en idees tot die beplanningsproses by deur hulle deelname aan :

- ➔ Die GOP Verteenwoordigende Forum van LM. Die doelwitte wat met deelname gestel word is :
  - ➔ Lig belangegroepe, gemeenskappe en organisasies in oor beplanningsaktiwiteite en die doelwitte daarvan
  - ➔ Ontleed sake van belang, bepaal prioriteite, onderhandel en bereik konsensus
  - ➔ Maak projekvoorstelle, help met ontwerp van projekte en beoordeel voorgestelde projekte
  - ➔ Bespreek en lewer kommentaar op konsep GOP
  - ➔ Verseker dat jaarlikse besigheidsplanne en begroting op GOP gebaseer is en daaraan verbind is
  - ➔ Moniteer implementering van GOP
  - ➔ Hulle deelname aan vergaderings en werkswinkels met groepe, gemeenskappe of organisasies.

#### **1.2.4 Provinciale Regering : Departement Plaaslike Bestuur, Sektorale Departemente en Korporatiewe diensverskaffers**

Die provinsiale owerhede se grootste verantwoordelikhede lê op die volgende terreine :

- ➔ Verseker horisontale stroomlyning tussen die GOP's van die onderskeie distrikmunisipaliteite in die provinsie
- ➔ Verseker vertikale / sektorale stroomlyning tussen provinsiale sektorale departemente en provinsiale strategiese planne en die GOP proses op distrik- en plaaslikevlak en sorg dat insette en kommentaar gelewer

word waar nodig

- ➔ Finansiële bestuur van provinsiale toekennings vir die GOP proses
- ➔ Moniteer vordering van GOP prosesse
- ➔ Fasiliteer die bylê van geskille wat tydens die GOP proses mag ontstaan
- ➔ Hulp aan munisipaliteite wat dit mag benodig tydens die beplanningsproses
- ➔ Reël GOP opleiding waar nodig
- ➔ Koördineer en bestuur LUR beoordeling / kommentaar op GOP's

### **1.2.5 Hulpverskaffers en professionele beplanners**

Eksterne hulpverskaffers en professionele persone behoort slegs gekontrakteer te word soos en wanneer die GOP proses dit spesifiek vereis en die interne professionele kapasiteit nie bestaan nie. Hulle dienste kan aangewend word vir:

- ➔ Metodologiese en tegniese leiding
- ➔ Fasilitering van sekere prosesse en werkswinkels
- ➔ Dokumentering van uitkomstes
- ➔ Spesiale ondersoeke wat nodig mag blyk
- ➔ Ondersteuning aan groepe en gemeenskappe om meer effektief aan die beplanningsproses te kan deelneem en insette te lewer
- ➔ Die bevordering van die stroomlyningsproses

### 1.3 Proses oorsig

Dit is belangrik om daarop te let dat die GOP proses uit drie belangrike stappe bestaan, naamlik :

- Identifisering van belangegroepe en rolspelers
- Vestiging van 'n GOP - Forum, en
- Prosesuitvoering

#### 1.3.1 Stap 1 : Identifisering van belangegroepe en rolspelers

Vestig 'n loodskomitee (GOP Komitee) indien nie bestaan nie (Raadslede & Senior Amptenare)

- Bepaal alle rolspelers / belangegroepe
- Advertensie & uitnodigings om deel te neem aan proses

#### 1.3.2 Stap 2 : Vestig GOP Forum

- Indien HOP forum bestaan (pas aan)
- Indien geen liggaam bestaan - vestig van nuuts af
- Formaliseer
- Grondwet
- Proses uitklaring
- Rol & funksie

### 1.3.3 Stap 3 : Prosesuitvoering

- ➔ Ontledingsfase van ontwikkelingsprofiel (bestudeer vorige ontwikkelingsprofiele en bestaande GOP's van die dorpe wat nou die Laingsburg Municipale gebied uitmaak)
- ➔ Identifiseer ontwikkeling kwessies / prioriteite / behoeftes
- ➔ Bepaal strategieë ten opsigte van aanspreek van behoeftes en prioriteite
- ➔ Projek definiëring en samestelling volgens projekbestuurstegniek
- ➔ Integrasie van projekte - plaaslik sowel as streeksverband (prioriteite, hulpbronne en tydsraamwerke en bestaande begrotings)
- ➔ Finale konsep GOP
- ➔ Kommentaar op konsep GOP
- ➔ Goedkeuring en finalisering deur Raad
- ➔ Uitvoering van plan oor 5 jaar periode

## 1.4 Voorgestelde werkplan

STAPPE	TEIKEN DATUMS					
Fase 1 Aanstelling, proses toelingting &loodskomitee vergadering	Einde Julie 2001					
Fase 2 Advertensie / uitnodiging en vestig GOP Forum		Einde Aug 2001				
Fase 3 Herbesoek van profiel asook die behoeftes en prioriteite			Einde Sept 2001			
Fase 4 Strategieë / projekte / integrasie				Einde Jan 2002		
Fase 5 Finalisering van konsep vir kommentaar					Middel April 2002	
Fase 6 Kommentaar, wysiging en goedkeuring						Einde Mei 2002

Dit is ook belangrik dat die GOP Proses inval by die jaarlikse begroting siklus van die Munisipaliteit, sodat daar uiteindelik vir die prioriteite begroot kan word. Indien dit nie geskied nie kan die prioriteite en projekte, verwagtinge in die gemeenskappe skep wat nie haalbaar is nie.

Publieke deelname is 'n verdere belangrike aspek en moet deurentyd plaasvind. Dit moet egter konstruktief en gefokus wees. Publieke deelname moet deur die GOP Forum plaasvind wat as deel van die Raad se prosesplan uiteengesit is. Raadslede en amptenare sal ook belangrike rolspelers wees en dien op die GOP Forum en Loodskomitee.

## 1.5 Selfontleiding van die beplanningsproses

Die GOP proses dien as 'n nuwe beplanning sisteem wat die ou, uitgedienende en sektoraal gebaseerde beplanning benaderings vervang deur middel van nuut ontwikkelde tegnologiese oplossings en inligting. Beginsels en sektore moet nie een vir een afsonderlik in ag geneem word nie, maar moet in die geheel byeengebring word. Dit beteken dus dat pogings van nasionale-, provinsiale- en streeksvlak, asook plaaslike rade, munisipaliteite, individuele groepe, die privaat sektor en alle ander aandeelhouers byeengebring moet word om sodoende doelwitte daar te stel en om saam te werk op 'n beplande wyse sodat hierdie doelwitte bereik kan word ten belange van die breër gemeenskap. Daarom moet so 'n proses **holisties** (in geheel) benader word; belang en sektore moet in verband met mekaar ondersoek word.

Die GOP proses sal hoofsaaklik daarop gemik wees om **armoede te bekamp, die plaaslike ekonomiese ontwikkeling te verstewig, volhoubare werkgeleenthede te skep** en die proses van **heropbou** en **ontwikkeling** te laat **uitbou**. Die proses sal dus verseker dat aandeelhouers sowel as die algemene publiek 'n geleentheid gegun sal word om hul opinies, behoeftes en uitgangspunte te lug.

Die GOP proses stel daarom die Plaaslike Munisipaliteit in staat om strategiese denkers en effektiewe beplanners van ontwikkeling te word. Sodoende word die inwoners bemagtig om belangrike rolspelers in hul eie gemeenskap en dorp te word.

## **HOOFTUK 2 - DIE HUIDIGE SITUASIE**

### **2.1 Studiegebied**

Die studiegebied vir die Laingsburg Munisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan beslaan die totale nuwe munisipale gebied wat hoofsaaklik die Laingsburg Sub-Streek is, soos dit bestaan het ten tye van die destydse Sentrale Karoo Distrikraad. Grense word gevorm met die Swartberge en Prince Albert.

Die gebied beslaan ongeveer 9 000 km<sup>2</sup>. Ten einde die publieke deelname proses te vergemaklik is die studiegebied in 3 wyke of geografiese areas opgedeel nl.

Gebied 1 : Laingsburg, insluitend Goldnerville

Gebied 2 : Matjiesfontein

Gebied 3 : Landelike gebied

Die omvang van die studiegebied word aangetoon op die aangehegte plan.

### **2.2 Huidige realiteit - Basiese feite en figure**

Die doel van die huidige realiteit is om 'n kort oorsig van relevante data te verskaf en nie om 'n in-diepte analyse van die Laingsburg streek te verskaf nie. 'n Volledige huidige situasie studie is nie gedoen nie. Dit is egter 'n projek wat kan voortvloeи uit die GOP.

Daar is toe egter gefokus op bestaande inligting wat in 'n aantal bestaande dokumente oor die vorige GOP vir die area handel.

### **2.2.1 Huidige bevolking en geprojecteerde aanwastempo**

<b>TIPE NEDERSETTING</b>	<b>AANTAL HUIS- HOUDINGS</b>	<b>HUIDIGE BEVOLKING</b>	<b>EFFEKTIWE BEVOLKINGSGROEI TEMPO : 1 %</b>				
			<b>JAAR 1</b>	<b>JAAR 2</b>	<b>JAAR 3</b>	<b>JAAR 4</b>	<b>JAAR 5</b>
Stedelik - Laingsburg	1 072	3 156	3 187	3 219	3 251	3 284	3 317
Goldnerville		1 974	1 993	2 013	2 034	2 054	2 075
Landelik		345	348	352	355	359	362
Plase		332	335	339	342	345	348
Matjiesfontein		445	449	454	458	463	468
Totaal	1 072	6 252	6 312	6 377	6 440	6 505	6 570

Bron : Laingsburg Munisipaliteit (WSDP)

### **2.2.2 Bevolking volgens rasverdeling**

Swart	Kleurling	Blankes	Ander	Totaal
222	4 623	991	76	5 912

Bron : SKDM GOP 2002 - 2003

### 2.2.3 Huishoudings

<b>Geslagsverspreiding / Landelik en Stedelik</b>						
AREA	MANLIKE HOOF VAN HUISHOUING	MANLIKE HOOF VAN HUISHOUING AS % VAN TOTALE HUISHOUINGS	VROULIKE HOOF VAN HUISHOUINGS (STEDELIK)	VROULIKE HOOF VAN HUISHOUING (LANDELIK)	VROULIKE HOOF VAN HUISHOUING (LANDELIK)	VROULIKE HOOF VAN HUISHOUING AS % VAN TOTALE HUISHOUINGS (LANDELIK)
Laingsburg	1 031	70.81	341	23.42	161	4.67
Grootte	Bevolking	Aantal h/houdings	Gem. Huishouding grootte			
Laingsburg	6 252	1 460	4.1			

Bron : SKDM GOP 2002 - 2006

### 2.3 Onderwys

AREA	GEEN SKOLING	PRIMÊRE SKOLING	SEKONDÊRE SKOLING	TERSIËRE SKOLING	ANDER	TOTAAL
	%	%	%	%	%	%
Laingsburg	21.23	33.9	28.16	3.59	3.11	100

Bron : SKDM GOP 2002 - 2006

### 2.4 Ekonomies

#### 2.4.1 Indiensneming

	1990		1999	
	TOTAAL	%	TOTAAL	%
Formeel	1 363	63.6	1 461	69
Informeel	493	23	335	15.6
Werkloos	286	13.3	353	16.4

Bron : SKDM GOP 2002 - 2006

## 2.4.2 Inkomste

Jaarlikse Per Kapita Inkomste	
1990	1999
9 714 - 06	9 882 - 94

Bron : SKDM GOP 2002 - 2006

## 2.4.3 Ekonomiese Sektore

SEKTOR BYDRA TOT BRUTO GEOGRAFIESE PRODUK : LAINGSBURG				
	1990		1999	
SEKTOR	% VAN TOTALE BGP	GBP PER SEKTOR	% VAN TOTALE BGP	GBP PER SEKTOR
Landbou	31.8	19	15.8	20
Mynbou	0.7	0	0.5	0
Vervaardiging	1.9	1	2	1
Elektrifisering	1.1	1	1	1
Konstruksie	2.2	1	1.9	1
Handel	14.9	9	10.8	7
Transport	12	7	17	11
Finansiering	15	9	17.6	11
Gemeenskapsdiens	20.3	12	17.7	11

Bron : SKDM GOP 2002 - 2006

<b>SEKTOR BYDRA TOT INDIENSNEMING</b>				
	<b>1990</b>		<b>1999</b>	
<b>SEKTOR</b>	<b>% INDIENSNEMING</b>	<b>INDIENSNEMING</b>	<b>% INDIENSNEMING</b>	<b>INDIENSNEMING</b>
Landbou	32.4	840	39.6	868
Mynbou	0.7	18	0.4	9
Vervaardiging	6.8	166	7	153
Elektrifisering	0.3	8	0.3	7
Konstruksie	4.1	102	4.6	101
Handel	32.6	801	27.3	595
Transport	5.7	140	5.1	111
Finansiering	1.9	47	2.5	54
Gemeenskapsdiens	8.7	213	8.2	178

## 2.5 Omgewings analise : Hoofrisiko's en tendense

LIGGING	WAARGENOME PROBLEEM	AARD	GEAFFEKTEERDE PERSONE/AREA	SKAAL	OORSAKE
Matjiesfontein		Onvoldoende verwydering van vullis	Matjiesfontein		Onvoldoende toerusting en stortingsterrein
	Grond erosie en oorbeweiding	Landboupraktyke lei tot erosie	Laingsburg Landelike gebied	Langtermyn implikasies	Swak landboupraktyk

## 2.6 Opsomming van gemeenskaps en belangegroepe prioriteitsbehoeftes

### 2.6.2 Ekonomiese Ontwikkeling

Spesifikasie (hoeveelheid)	Oorsake
36% van Ekonomiese Aktiewe Bevolking	Lae ekonomiese groei Onderbenutting van spoorlyn

nie formeel in diens geneem	Slegs deurgangstroete van N1
-----------------------------	------------------------------

## 2.6.2 Institusioneel

Spesifikasie (hoeveelheid)	Oorsake
Onvoldoende personeelkapaasiteit vir Municipale Personeel	Koste van personeel veral t.o.v. meer gespesialiseerde dienslewering

## 2.6.3 Gesondheid

Prioriteits Behoeftes	Spesifikasies (hoeveelhede)	Oorsake
Nooddienste	Ambulans & reddingsvoertuie Brandweer dienste te Laingsburg	N1 - hoë % ongelukke
Onvoldoende kliniekdienste te Klein Swartberg Landelike gebied		Begroting Afstande

## 2.6.4 Grond

Prioriteits Behoeftes	Gebrek aan behuising te Laingsburg en Matjiesfontein
-----------------------	--

## 2.6.5 Infrastruktuur en basiese dienste

→ Vullisverwydering te Matjiesfontein
→ Suiweringswerke vir varswater te Matjiesfontein
→ Stormwaterbeheer en strate te Laingsburg (hele dorp)
→ Riooluitvalwerke te Matjiesfontein
→ Brandweerdienste
→ Rioolnetwerk en stelsel te Matjiesfontein
→ Behuising : 100 huise te Matjiesfontein en 350 huise te Laingsburg
→ Basiese dienste op plase - volledige inligting ontbreek

## 2.7 Samevatting van behoeftes volgens gemeenskapsperspektief

### LAINGSBURG

- Dienssentrum vir bejaarders (MPC)
- Ruimte & gebou - kleuterskool (MPC)
- Biblioteekdiensure - plase
- Sport - Netbal / Krieket / Sokker / Swembad
- Brand & Redding - nooddien
- Oornaggeriewe vir familie van ongelukslagoffers & passasiers
- Gemeenskaps Polisiëring
- Museum
- Toerisme
- Inligtingsentrum
- Hospitaal vergroot
- Opgradering (verfraaiing) van hoofstraat

### MATJIESFONTEIN

- Opgradering van sportgronde
- Mobiele polisiestasie
- Mobiele kliniek
- Behuising
- Riolering
- Watervoorsiening

### PLASE

- Toerisme
- Sport en ontspanningsgeriewe (Swartberg)
- Roetes upgradeer vir landbouprodukte vervoer

- |                                   |
|-----------------------------------|
| ➔ Sekuriteit - mobiele sekuriteit |
| ➔ Meer gereelde kliniekdienste    |

### EKONOMIE

- |   |
|---|
| ➔ Stagneer met 'n mate van stadige agteruitgang |
|---|

### OMGEWING

- |                    |
|--------------------|
| ➔ Water - droogtes |
| ➔ Bodenbenutting   |

### ONTWIKKELINGSPRIORITEITE - LAINGSBURG GOP

LANDELIKE GEBIED	LAINGSBURG	MATJIESFONTEIN
<p>➔ Padroetes opgrader (Swartberg area)</p> <p>➔ Mobiele polisiestasie</p> <p>➔ Toerisme</p> <p>➔ Sport &amp; Ontspanning</p> <p>➔ Kliniekdienste</p> <p>➔ Basiese dienste (op phase - huise, water en elektrisiteit)</p>	<p>➔ Diens - nood, brand en redding</p> <p>➔ Toerisme</p> <p>➔ Gemeenskaps polisiëring</p> <p>➔ Meerdoelsentrum</p> <p>➔ Oornaggeriewe vir ongelukslagoffers</p> <p>➔ Museum - inligtingsentrum&amp; hoofstraat</p>	<p>➔ Behuising (30 huise)</p> <p>➔ Basiese Dienste (water en riool)</p> <p>➔ Sport &amp; Ontspanning (saal en geriewe)</p> <p>➔ Toerisme</p>

## 2.8 Omgewingsontleding : "SWOT Analise"

<b>STERKPUNTE</b>	
→ Natuur	
→ N 1	
→ Spoorlyn	
→ Mense potensiaal	
→ Nuwe ontwikkelings binne Landbouproduksie	
→ Beskikbaarheid van relatief goedkoop dienste vir kleiner nywerheids ontwikkeling	
→ Goeie hospitaal en kliniek te Laingsburg	
→ Opvoedingsgeriewe	
→ Godsdiens en kerke	
→ Eie municipale bestuur	
→ Toerisme en die geskiedenis van die gebied, o.a. Matjiesfontein	
→ Laingsburg infrastruktuur	
→ Toegang tot maatskaplike dienste	
→ Lae misdaadsyfer	
→ Toegewyde polisiediens	
→ Homogene taalgemeenskap (Afrikaans)	

<b>SWAKPUNTE</b>	
→ Onbetrokkenheid van die gemeenskap	
→ Oningeligtheid van die gemeenskap	
→ Werkloosheid	
→ Geografiese afstande	
→ Landbou - klimaat	
→ Drank & dwelmmisbruik	
→ Ongeskooldheid van arbeidsmag	
→ Bevolking ongemotiveerd t.o.v. eie ontwikkeling	
→ Onderbenutting van spoorlyn	

- |   |
|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>➔ Meerdoelcentrum onvoltooid</li> <li>➔ Afwesigheid van Sakekamer</li> <li>➔ Afwesigheid van Sport &amp; Ontspanningsgeriewe te Matjiesfontein en Swartberg</li> </ul> |
|---|

#### **BEDREIGINGS**

- |   |
|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>➔ N1 : Toestand en onderhoud van N1</li> <li>➔ N1 : Ekonomiese afhanklikheid</li> <li>➔ N1 : Sosiaal Maatskaplike probleme (HIV Vigs)</li> <li>➔ N1 : Moontlike verlegging van N1</li> <li>➔ Werkloosheid</li> <li>➔ Probleemdiere vir veeboerdery</li> <li>➔ REDS - mislukking van Suid-Kaap Karoo inisiatief</li> <li>➔ Eskom elektrisiteitsvoorsiening aan Goldenville - probleme</li> <li>➔ Kwesbaarheid van saadprodusente</li> </ul> |
|---|

#### **GELEENTHEDE**

- |   |
|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>➔ Groot aantal sterkpunte</li> <li>➔ GOP proses</li> <li>➔ Nasionale en Provinciale betrokkenheid</li> <li>➔ Nodale landelike ontwikkelingsinisiatief</li> </ul> |
|---|

## **2.9 Analise van voorafgaande data & behoeftes**

### **2.9.1 Demografiese eienskappe**

Bevolkingsgetalle is nie konstant nie en verander voortdurend in verhouding tot sekere inherente karakteristieke. Die gebied is baie yl bevolk as dit met die res van die land vergelyk word.

Uit beskikbare syfers kan afgelei word dat die Swart en Asiër bevolkingsgroepe 'n baie klein proporsie van die streek se bevolking uitmaak en dat die Blanke en Bruin bevolkingsgroepe verreweg die grootste bevolkingsgroepe is.

Die gebied vertoon 'n geredelike geslagsverspreiding en kan gesien word dat die grootste persentasie van die bevolking in die stedelike nedersettings gekonsentreer is. Die gemiddelde huishoudingsgrootte vir die Laingsburg Streek is 4.1 persone per huishouing.

Die groei van Laingsburg se bevolking sal afhang van die ekonomiese geleenthede wat die nuwe munisipaliteit kan offer, veral aan jong volwassenens wat die mees mobiele groep is. 'n Stagnante ekonomie wat nie aan sy skoolverlaters van werkgeleenthede kan voorsien nie sal hierdie ekonomiese aktiewe volwassenes verloor soos hulle na ander areas met beter ekonomiese geleenthede gaan. Dit kan ook toegeskryf word aan die feit dat meeste tersiêre onderwys instellings buite die streek geleë is en skoolverlaters die streek noodgedwonge moet verlaat.

### **2.9.2 Sosio - ekonomiese oorsig**

Sosio - ekonomiese omstandighede het 'n belangrike impak op die ontwikkeling van die bevolking. Dit is hoofsaaklik ekonomiese indikators wat die ruimtelike variasie in die sosiale welstand van die bevolking aandui. Dit is die basis van die kwaliteit van 'n persoon se hele lewe en projekteer sy beeld in die sosio - kulturele milieu van die gemeenskap.

'n Hoë persentasie van die bevolking is onder die ouderdom van 15 jaar wat die afhanklikheidsratio verhoog en verder druk plaas op ander hulpbronne. Dit kan ook dui op 'n algehele verbetering in die fisiese welstand van die streek se bevolking.

Die werkloosheidsyfer (36 %) vir die streek is hoog. Daar is egter 'n hoë persentasie van die bevolking wat nie ekonomies aktief is nie en wat weer die afhanklikheidslas vergroot.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar 'n sterk verband bestaan tussen die inkomstevlakke, werkloosheidsvlakke en onderwysvlakke in die streek. 'n Gemeenskap soos Matjiesfontein (2,34 persone per verdiener) het hoë afhanklikheidslaste wat tesame met lae inkomste en lae vlakke van onderwys 'n

beperking plaas op hulle sosio-ekonomiese ontwikkeling.

### **2.9.3 Ekonomiese oorsig**

Die huidige en toekomstige ekonomiese toestand in die Laingsburg Streek sal 'n beslissende rol speel wanneer die sosio-ekonomiese uitdagings in die gebied en in die provinsie aangespreek word.

Alhoewel Landbou tans die grootste indiensnemingsektor is en die grootste bydrae tot die BGP lewer, toon die sektor 'n afname in die gemiddelde jaarlikse groeikoers. Hierdie afname kan grootliks aan klimaatstoestande (droogtes), meganisasie van die bedryf en veranderende markte (uitvoer) toegeskryf word. Die streek het vir die afgelope vyf jaar veral gebuk gegaan onder hewige droogtes. Handel waarby toerisme ingesluit is toon ook groei maar kompeteer met die res van die Suid-Kaap en Karoo Streek.

Die sleutel tot die toekoms van die Laingsburg Streek is die ontwikkeling van potensiële menslike hulpbronne. Dit is 'n doelwit om na te streef vir verbeterde opvoeding, vaardighede en gesondheidsvlakke, maar dit moet saam met die ontwikkeling van die ekonomie plaasvind. As die ekonomie geen kapasiteit het om die streek se arbeid te absorbeer nie, kan die streek dien as 'n uitvoerder van opgeleide arbeid. Die wyse waarop spesifieke geleenthede in die streek ontgin word sal bepaal word deur die inwoners wat in die toekoms as entrepreneurs na vore sal kom asook die provinsiale beleid wat toegepas word. Probleme van die streek sal nie opgelos word indien daar nie 'n groot invloei van kapitaal, hulpbronne en kundigheid plaasvind nie. Langtermyn volhoubare groei kan bereik word deur die ontwikkeling van die menslike hulpbronne, alhoewel die vraag na die kortermyn verligting van armoede in direkte teenstand staan met langtermyn volhoubare groei.

Dit is 'n gegewe dat groei potensiaal steeds bestaan t.o.v. die toerisme sektor en dat uitstekende kapasiteitsbou binne die sektor vir die totale bevolking tot voordeel kan strek.

Kapasiteitsbou wat hier ter sprake is sluit in vaardighede ten opsigte van omgewingsbemarking, d.w.s. die bates wat in die omgewing beskikbaar is asook die benutting van bestaande kundigheid en die uitbou van potensiaal wat binne individuele gemeenskapslede vervat is. Programme behoort daarop gemik te wees dat elke lid van die gemeenskap sy besondere vaardighede aan te wend ten einde ekonomiese voordeel vir hom of vir haar te bewerkstellig, maar ter selfdertyd tot voordeel te strek van die breër gemeenskap. Die maak van goedere, die skep van fasilitete en die beoefening van o.a. eko-toerisme deur die totale gemeenskap behoort aandag te geniet. Dit is dus 'n duidelike behoefté dat 'n volledige ekonomiese ontwikkelingsplan vir die Groot Laingsburg Gebied opgestel te word wat nie slegs 'n omgewingsoudit insluit nie, maar ook 'n menslike oudit sal bevatten. Daaruit moet duidelike ontwikkelingsgeleenthede asook planne vir die bekoming van fondse en hulpbronne geïdentifiseer word.

## **2.10 Prioritisering kriteria van behoeftes**

Die volgende kriteria is gebruik tydens prioritisering van behoeftes in die GOP proses :

- ➔ Basiese dienste (noodsaaklike dienste)
- ➔ Voordeel vir grootste deel van die bevolking wat geslag insluit
- ➔ Bekostigbaarheid - finansiële haalbaarheid en beskikbaarheid van fondse
- ➔ Realisties (ekonomies haalbaar en uitvoerbaar)
- ➔ Volhoubaarheid (kan dit in stand gehou word)
- ➔ Voortsetting van bestaande verpligtinge - die voortsetting van bestaande projekte en bedryfsverpligtinge
- ➔ Inskakeling by streek behoeftes en inisiatiewe
- ➔ Nasionale wetgewing en voorskrifte

Bovermelde kriteria blyk op die oog af een dimensioneel te wees, m.a.w. dat die ontwikkelingsaspek agterweë gelaat word in die sin dat slegs op dienste voorsiening en wetlike voorskrifte gefokus word. Dit is egter 'n gegewe dat die agterstande van die gemeenskap wat infrastruktuur en dienste betref op die stadium die grootste moontlikheid bied vir suksesvolle uitvoering. Befondsing kan ook tot 'n redelike mate vir

die projekte wat hierna volg bekom word. Verder moet die beplanningsproses gesien word as dinamies en ook as deurlopend. Dit sou beteken dat die plan jaarliks hersien word en dat ontwikkelingsaspekte wel hul regmatige plek binne die GOP sal verkry. Hierdie is duidelik 'n vertrekpunt en nie 'n finale eindbestemming nie.

## **HOOFTUK 3 : ONTWIKKELINGSTRATEGIE**

### **VISIESTELLING**

**Die bevordering en verhoging van die lewensstandaard en kwaliteit van die Groter Laingsburg gemeenskap en die volhoubare instandhouding daarvan.**

### **MISSIESTELLING**

Die verskaffing van dienste en die facilitering van ontwikkeling aan die totale gemeenskap van  
die Groter Laingsburg d.m.v.

- Gemeenskapeenheid en samewerking
- Geen diskriminasie behalwe met die oog op die regstelling van historiese agterstande
- Regstelling en uitwissing van historiese agterstande
- Bevrediging van die basiese behoeftes van die inwoners
- Bevordering van 'n werkskeppingsklimaat
- Kwaliteit opvoeding en opleiding vir kinders en die jeug
- Deursigtige munisipale bestuur
- Vestiging van kultuur van dienstebetaling
- Realistiese bestuur van natuurlike en kulturele omgewing
- Die bevordering van demokrasie en menswaardigheid binne die gemeenskap
- Die skep en instandhouding van 'n sterk infrastruktuur
- Norme : Deursigtigheid / eerlikheid / lojaliteit van en vir die breër gemeenskap

➔ Kommunikasie deur die Raad na die publiek

### **3.1 Sleutelprestasie areas**

Die volgende sleutelprestasie areas is geïdentifiseer, maar geniet nie vir die huidige noodwendig die aandag wat geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning as metodiek vereis nie. Gevolglik sal opgemerk word dat binne die projek uiteensettings sekere fokus areas nie aandag vekry nie, soos onder andere omgewing, gesondheid en veiligheid, vervoer en ruimtelike ontwikkeling. Ander aspekte soos ekonomiese ontwikkeling en sosiaal maatskaplike ontwikkeling ontvang slegs beplannings aandag in die sin dat detail beplanning daarvoor moet geskied.

#### **3.1.1 Basiese Dienste en Infrastruktur**

Ontwikkeling en instandhouding van infrastruktuur en basiese dienste ten einde die basiese lewenskwaliteit van die gemeenskap te verhoog.

#### **3.1.2 Institusionele Ontwikkeling en Kapasiteit**

Die ontwikkeling van fisiese sowel as menslike kapasiteit ten einde die gemeenskap deurlopend van diens te wees.

#### **3.1.3 Ekonomiese Ontwikkeling**

Die identifisering van ekonomiese beperking en geleenthede ten einde die plaaslike ekonomie op volhoubare wyse te stimuleer.

#### **3.1.4 Omgewing**

Die skep van 'n gesonde balans tussen ontwikkeling en bewaring deur middel van realistiese bestuur en hulpbron benutting.

#### **3.1.5 Sosiaal Maatskaplike Ontwikkeling**

Die bevordering van sosiaal maatskaplike ontwikkeling deur middel van

infrastruktuur skepping asook ontwikkelingsprogramme ten einde 'n gesonde gemeenskaps waardestelsel te vestig.

### **3.1.6 Gesondheid en veiligheid**

Die verbetering van toeganklikheid tot gesondheid en nooddienste deur middel van stelsel en infrastruktuur bestuur.

### **3.1.7 Vervoer**

Die opgradering van bestaande padinfrastruktuur en die skep en verbetering van vervoerfasiliteite ten einde die ekonomiese mobiliiteit van die gemeenskap te verhoog.

### **3.1.8 Ruimtelike Ontwikkeling**

Die daarstel van 'n geordende, geïntegreerde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk wat ontwikkeling en bewaring sal bevorder.

### **3.1.9 Behuising en Grond**

Die deelname aan grond- en behuising hervorming inisiatiewe deur middel van sinvolle beplanning en samewerking ten einde gemeenskapslewenskwaliteit- en standaard te verbeter.

## **3.2 Finansiële strategie van munisipaliteit**

Die munisipaliteit moet onderskei tussen interne en eksterne bronse van inkomste om die GOP projekte in die volgende aantal boekjare te finansier.

Interne befondsing sluit in die invordering van municipale belasting en heffings.

Eksterne befondsing sluit in befondsing vanaf die Distrikmunisipaliteit (prioriteite toekennings en CMIP fondse) asook staats instansies. Laasgenoemde sluit in Werk

vir Water Fondse (Departement van Waterwese en Bosbou), Grondhervorming (Departement van Grondsake) en lae-koste behuising (Provinsiale Behuisingsraad).

Die Municipaliteit moet ook besluit watter persentasie van hul jaarlikse inkomste gaan vir GOP projekte bestee word en wat die volgende paar jaar se projeksies is.

‘n Beperkende faktor tot die municipale finansiële strategie is die bo-perk wat op begrotings groei vir beide kapitaal en bedryfbegroting gestel word. ‘n Ander faktor is ook die wetmatigheid van uitgawes wat binne die unisipale Stelselwet toegelaat word of andersins as ongemagtig beskou sou word. Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat befondsing hoofsaaklik van eksterne bronne verkry sal moet word.

### **3.2.1 Die basiese begrotingsintegrering van GOP Projekte binne die kapitale begroting van die Municipaliteit**

Die beginsel wat hanteer word is tweërlei van aard. Eerstens is die befondsing van projekte vanuit interne municipale fondse en tweedens die verkryging van fondse vanuit eksterne bronne. Soos aangedui op die volgende begrotingskedeule:

	<b>Finansiering</b>	<b>Intern</b>	<b>LED</b>	<b>Transf</b>	<b>Staat</b>	<b>HSRP</b>	<b>Maatsk</b>	<b>ISRIDP</b>	<b>SKDM</b>	<b>Infrast</b>	<b>HOP</b>	<b>IOT</b>	<b>Water</b>	<b>Behuis</b>	<b>Totaal</b>
1	Interne Voorschotte	600 000													600 000
2	LED		263 000												263 000
3	Staat Fondse				539 000										539 000
4	Transformasie		885 000												885 000
5	Waterprojekte														400 000
6	Behuising														400 000
7	HSRP					500 000									500 000
8	Maatskaplike					1950000									1950000
9	ISRIDP						5400000								5400000
10	SKDM						350 000								350 000
11	Intern ad hoc								300 000						300 000
12	HOP Fondse										80 000				80 000
13	IOT Fondse										20 000				20000
	Totaal	600 000	263 000	885 000	539 000	500 000	1950000	5400000	350 000	300 000	80 000	20 000	400 000	640 000	11927000

PROJEKTE 02/03	Skoon en veilige omgewing	Watersuivering projek	Werk vir water	Bergsig - Gemeenskap Byekofbesig	Water voorsering M/Fontein	Afhandeling ou behuisings skema / Ville	Begraafplaas Bergsig	Voorsien 320 wonings	Ontwikkelings Plan	Waterdienst	Alg. Waardasie - dorp en distrik
BOEKAAAR	1	2	3	4	5	6	7	8	9	20 000	10
BEFONDSE											
INTERN											
LED											
TRANSF											
STAAT	100 000		100 000								
HSRP					500 000						
MAATSKAPlIK											
ISRIDP											
SKDM											
INFRASTR											
HOP										80 000	
IOI										20 000	
WATER										400 000	
BEHUIS											
TOTAAL	100 000		100 000	500 000	400 000	20 000	40 000	80 000	20 000	300 000	
JAAR 2 (2003/04)	70 000		100 000	0	0	0	0	0	0	0	
JAAR 3 (2004/05)	70 000		100 000	0	0	0	0	0	0	0	
JAAR 4 (2005/06)	70 000		100 000	0	0	0	0	0	0	0	
JAAR 5 (2006/07)	70 000		100 000	0	0	0	0	0	0	0	
TOTAAL	380 000		500 000	500 000	400 000	20 000	40 000	80 000	20 000	300 00	

PROJEKTE 02/03 BOEKJAAR BEFONDSE	Meerdoelige Dienssentrum	GOP Plan opgradering	Opgradering Voortrekker straat	Vloedroete	Teer / plavei : strate Bergsig & G/Ville	Rioolstelsel Majliesfontein	Stormwater Industriële errewe	Majliesfontei n stortings terrein	Navorsing - water verliese : LB	Rehabilitasie water netwerk - LB
INTERN	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20
LED				263 000						60 000
TRANSF										
STAAT				140 000						
HSRP										
MAATSKAPLIK	1 950 000									
ISRIDP			1 200 000		3 000 000	700 000	300 000	50 000	150 000	
SKDM										
INFRASTR										
HOP										
IOT										
WATER										
BEHUIS										
TOTAAL	1 950 000	200 000	1 200 000	263 000	3 000 000	700 000	300 000	50 000	150 000	60 000
JAAR 2 (2003/04)	0	80 000	0	250 000	3 000 000	470 000	0	0	0	60 000
JAAR 3 (2004/05)	0	80 000	0	250 000	2 000 000	0	0	0	0	60 000
JAAR 4 (2005/06)	0	70 000	0	234 000	0	0	0	0	0	60 000
JAAR 5 (2006/07)	0	50 000	0	0	0	0	0	0	0	60 000
